Bouwerk aan filmateljee by Faure vorder fluks

Carin Smith, Kaapstad

Die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf is belangrik vir die land en sy impak strek wyer as net op ekonomiese vlak.

Dít is die mening van dr. Rob Davies, minister van handel en nywerheid. Hy het gister gaan kyk hoe die konstruksie van die eerste fase van die Cape Town Film Studios (CTFS) by Faure naby Somerset-Wes vorder. Konstruksie het in Maart verlede jaar begin en behoort teen die tweede kwartaal van volgende jaar klaar te wees.

Vier rolprentateljees, met 'n totale oppervlak van 7 000 m², steundienste, kantore en opleidingsentrums gaan 68 ha van die 200 ha-perseel beslaan. Die res word in 'n bewaringsgebied omgeskep.

"Die CTFS gaan 'n allesomvattende reeks dienste van wêreldgehalte verskaf en die departement van handel en nywerheid sal voortgaan om sy aansporingskemas en steun aan die bedryf te verbeter. Ons wil veral die bedryf se transformasiepotensiaal ontgin en steun aan kleiner rolspelers bied," het Davies gesê.

Die departement het deur middel van The Enterprise Organisation (TEO) reeds 79 rolprentprojekte sedert Februarie verlede jaar vir geldelike steun goedgekeur. Dit sluit in R146 miljoen vir 43 plaaslike produksies, R70,8 miljoen vir 12 gesamentlike produksies en R153,6 miljoen vir 24 buitelandse produksies. Die departement het ook R16,3 miljoen vir die CTFS se konstruksiekoste van R65 miljoen bygedra.

Die internasionaal gerekende Suid-Afrikaanse rolprentmaker Anant Singh, voorsitter van die CTFS, het gesê die plaaslike bedryf betree 'n opwindende fase. Hy skat dit is waar Australië s'n 15 jaar gelede was.

Dr. Rob Davies, minister van handel en nywerheid (tweede van regs), en Anant Singh (tweede van links) luister aandagtig na 'n opgewonde mnr. Nico Dekker, uitvoerende hoof van die Cape Town Film Studio. Foto: JASON BOUD

"Rolprentmakers hou daarvan om na Suid-Afrika te kom en bekendes soos die regisseur Ridley Scott en die akteur Leonardo DiCaprio het fantastiese ondervindings hier gehad," het Singh gesê. "Diegene wat hier kom verfilm het, kon net nog nooit hul rolprente hier voltooi nie en ek het nog altyd geweet dit is waar die gaping in ons bedryf lê."

Singh het gesê die rolprent *District 9*, wat in Suid-Afrika geskryf en verfilm is deur Neill Blomkamp, het in die VSA alleen $120 miljoen gemaak. Blomkamp wil ook sy volgende rolprent hier verfilm.

Volgens mnr. Nico Dekker, uitvoerende hoof van die CTFS, wil meer as 80 maatskappye hul kantore daarheen skuif. Hy sê die CTFS kan sowat R1 miljard per jaar tot die ekonomie bydra en oor die volgende vyf jaar sowat 7 500 werkgeleenthede skep.